# KINDERKERK LES: Esegiël

**Doel van les:**

Ons gesels oor vreemde opdragte in die Bybel.  Dit is 'n eksamenles 'n opdrag wat God aan die profeet Esegiël gegee het.

**Aktiwiteit 1:**  **Simon Says:** Speel die Simon Says speletjie, maar probeer die opdragte vreemd maak.  Laaste Simon says opdrag moet wees Simon Says lê op jou linkersy.

**Aktiwiteit 2:**  Gee vir elke kind eerste inkleurprentjie.  Hulle moet op hul linkersy bly lê en die prentjie klaar inkleur.

**Aktiwiteit 3:**  Simon Says:  Speel weer Simon Says speletjie.  Laaste opdrag van hierdie rondte is om kinders op hul regtersy te laat lê.

**Aktiwiteit 4:**  Gee weer prentjie om in te kleur.

**Sê:**  Julle het nou seker gedink dis baie snaaks om so in te kleur, maar onthou ons praat oor snaakse dinge wat God vir mense gevra het om te doen.  Ons praat vanaand bietjie van 'n man met die naam Esegiël.  Hy was 'n profeet.  'n Profeet is 'n boodskapper van God.  Hy/sy vertel vir mense wat God gesê het.  Hy/sy kan mense waarsku en vertel van goeie of slegte dinge wat gaan gebeur soos God vir hom/haar wys.  Hy/sy vertel mense hoe om God te volg.

God het vir Esegiël baie snaakse dinge gesê om te doen. God se volk was baie stout en het baie sondes gedoen. Op 'n keer het God vir Esegiël gesê om vir 390 dae op sy linkersy te lê en dan weer 40 dae op sy regtersy vir God se volk se sondes.  Dink net daaraan.  'n Jaar van Januarie tot Desember is 365 dae en 366 wanneer dit skrikkeljaar is.  Esegiël moes vir meer as 'n jaar net op een sy lê elke dag!  Esegiël moes so eet en water drink sonder om op te staan.   Deur so op sy sye te lê moes Esegiël 'n boodskap van God aan die mense oordra. Julle was so ongemaklik gewees toe julle op jul sye moes lê en inkleur.  Dink hoe ongemaklik was Esegiël wat lank moes lê.  Sou julle so mooi na God kon luister soos Esegiël?

Groepe sluit af met gebed.





# EZEKIEL

www.myhomeschoolprintables.net